

SKRIFGEDEELTE: EKSODUS 2:11-22 (OAV/NAV)

FOKUSGEDEELTE: EKSODUS 2:22

Gersom – wees ligdraers in ’n vreemde land

Nadat Moses die Egiptenaar doodgeslaan het, vlug hy na Midian. As vreemdeling in ’n vreemde land ontmoet hy en trou hy met Sippora, die dogter van Jetro, die priester van Midian. Gersom (vreemdeling daar), word gebore, en Moses gee hom hierdie naam wat sinspeel op *“’n vreemdeling wat gasvryheid verkry het”*.

Van Gersom lees ons moontlik net op twee ander plekke in die Skrif, naamlik in Eksodus 4:25 en 18:3. In beide gevalle word byna net sy naam en die betekenis daarvan genoem. Ons sou dus die vraag kon vra hoekom Gersom dan in die Skrif genoem word, as hy oënskynlik geen beduidende rol gespeel het nie?

Sy naam is egter dalk juis hoekom hy genoem word, want telkens as Moses Gersom op sy naam sou noem, sou hy onthou dat hy as vreemdeling in ’n vreemde land woon. Net so moet ons – soos Moses – ook onthou dat ons as vreemdelinge in ’n vreemde land woon. Deur Jesus Christus se verlossingswerk is ons nou kinders van God. Deur die Heilige Gees woon en werk Hy in ons, sodat ons nou anders dink, anders doen, ja, anders lewe as wat ons voorheen geleef het. Ons lewens word nie meer deur ons sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees van God (Gal. 5:13 ev).

Daarom ook die oproep in Romeine 12:2 en verder: *“Julle moenie aan hierdie sondige wê-reld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe ...”* In Johannes 15:19 en verder sê Jesus: *“Omdat julle nie aan die wêreld behoort nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het, daarom haat die wêreld julle.”*

Die feit dat ons soos vreemdelinge in ’n vreemde land leef, beteken juis dat ons anders moet optree as die landsburgers/wêreldliefhebbers.

Mag God ons deur die Gees bystaan om ligdraers in hierdie vreemde land te wees.

Sing: Psalm 146:7, 8

Ds. RP (Roelof) Buys (Delmas)